

APIESRIVIER LANDELIKE Brand Beskermings Vereniging

Posbus 910-631, Pyramid, 0120 Hoewe 5, Route 101, Waterval, Selnommer: 084 952 2882



NOTULE VAN ALGEMENE JAARVERGADERING WAT OP 4 DESEMBER 2010 OM 10:00 TE DIE WINDPOMP RESTAURANT, GROOTVLEI, GEHOUIS

1. OPENING & VERWELKOMING

Peet Dorfling open die vergadering deur 'n Skrifgedeelte uit Markus 1:14 tot 20 te lees gevolg deur 'n gebed. Daarna heet hy almal teenwoordig welkom en vra dat almal die presensielys voltooi.

2. PRESENSIELYS / VERSKONINGS

Teenwoordig:

Presensie lys is voltooi en beskikbaar.

3. VERSKONINGS:

Japie Lengoabala
Chris Schutte
Derik Botha
Faan van Niekerk
Karel Dirker
Anton de Beer
Marnes Fritz
Elsa Strydom
Conrad & Joey Rademeyer
Johann Smalberger
Tertius Odendaal
Jan-Piet Cooks
Henry Heck
Vossie Vorster
Sylvia Langenhoven
Jan & Christa Swanepoel
Stephan & Marianne Pretorius
Chirsta Immelman
Daan & Annette Diedrick
Eugene Janse van Rensburg
Faan & Hensa van Niekerk
Steven & Juanita Terblanche

4. LIEF & LEED

Nico en Ina Minnie het 'n baba-dogter ryker geword.
Nico Dreyer en sy vrou het 'n baba-seun ryker geword.
Rika Ayres - Operasie ondergaan
Audrey Kruger - Kankerbehandeling
Sylvia Langenhoven - Ongesteld
Jenny Koops - Gebreekte arm
Janet Dirker - Ongesteld
Coenie Ackerman - Breukoperasie
Die bestuur wens almal beterskap toe.

Herman Kotze - Oorlede
Ansie Stoltz - Oorlede
Tinus Van Aswegen - Oorlede
Jan Fick - Oorlede
Andries de Klerk - Oorlede

Peet Dorfling vra vir die vergadering om nie die oorledenes se families te vergeet nie maar om hulle te ondersteun.

5. RATIFIKASIE

Peet Dorfling noem aan die lede dat die Jaarvergadering nie plaasvind soos wat die Grondwet dit voorskryf nie. Peet Dorfling noem verder dat daar bepaalde redes daarvoor is; hy noem onder andere dat hy dink een van die grootste redes daarvoor is dat dié Vergadering eintlik binne-in die brandseisoen behoort plaas te vind. Peet Dorfling meld dat dit in praktyk 'n redelike probleem is aangesien so 'n Vergadering heelwaarskynlik nie suksesvol gehou kan word nie veral as mens gaan kyk na die toegewydheid waarmee die Brand Vereniging brande bestry.

Peet Dorfling verduidelik dat die lede se toestemming dus nodig is om met die huidige Algemene Jaarvergadering voort te gaan. Hy vra aan die lede of almal dit verstaan en of daar enige onduidelikheid bestaan. Peet Dorfling vra weer vir die lede of daar voortgegaan mag word met die Algemene Jaarvergadering.

Willie van der Walt noem dat hy sien dat op die vorige Algemene Jaarvergadering daar besluit is dat 'n kworum nie nodig is om 'n besluit te neem nie. Peet Dorfling antwoord dat die besluit was: dat die lede teenwoordig by die Algemene Jaarvergadering 'n kworum sal vorm en dat daar nie meer 'n persentasie lede teenwoordig hoef te wees om 'n kworum te vorm nie; maar dat die lede teenwoordig as 'n kworum beskou sal word. Willie van der Walt spreek sy kommer uit oor die besluit en noem dat hy voel dat indien daar byvoorbeeld slegs drie lede teenwoordig is by 'n vergadering die drie lede belangrike besluite sal kan neem. Hy vra verder of daar 'n probleem is met bywoning van vergaderings en of dit die rede is vir die verandering van kworum. Peet Dorfling sê dat daar inderdaad 'n probleem met vergadering bywoning is en vandaar die besluit om die kworum persentasie af te skaf. Hy noem egter dat indien daar byvoorbeeld slegs drie lede teenwoordig is by 'n vergadering die lede nie besluite sal neem nie aangesien dit nie sinvol sal wees nie. Peet Dorfling meld verder dat hy kennis neem van die punt maar dat die besluit reeds geneem is en dat die Grondwet reeds verander is. Willie van der Walt sê dat hy dit so verstaan maar dat hy voel dat die gedeelte in die Grondwet nou baie wyd is en dat hy voel dat daar nog steeds 'n sekere persentasie teenwoordig moet wees soos byvoorbeeld 20% van die lede. Peet Dorfling bedank Willie van der Walt vir sy kommentaar en sê dat indien dit nodig is moet hierdie punt op 'n volgende vergadering weer bespreek word.

Peet Dorfling vra aan die lede of almal gemaklik is dat die Vergadering moet aangaan en meld dat indien iemand nie gemaklik is daarmee nie hulle so moet sê. Al die lede teenwoordig sê dat die Vergadering maar kan voortgaan. Peet Dorfling bedank die lede daarvoor.

6. GOEDKEURING VAN DIE NOTULE VAN 28 NOVEMBER 2009

Peet Dorfling vra of almal die notule ontvang het van die Algemene Jaarvergadering gehou op 28 November 2009. Hy meld dat al die lede wat e-pos adresse het die notule behoort te ontvang het. Hy vra of die notule as gelese beskou kan word en of daar enige opmerkings is ten opsigte van die volledigheid en korrektheid van die notule. Niemand het enige kommentaar oor die notule nie. Christo Ayres stel voor dat die Notule aanvaar word en gesekondeer deur Johan van Aardt.

7. VASSTELLING VAN DIE AGENDA

Die agenda word vasgestel.

8. GRONDWET

8.1 Die Bestuur verlang dat die volgende twee punte soos vervat in die Grondwet gewysig word Punt 19.1.1 en Punt 19.1.2 :

Die wysigings is as gevolg van die volgende rede:

Die huidige bepalings vereis dat die Algemene Jaarvergadering tydens die brandseisoen moet plaasvind. Die meeste Bestuurslede help egter tydens brande en sal dus nie beskikbaar wees nie.

Die bewoording tans is as volg: 'n Algemene Jaarvergadering moet gehou word en kennis gegee word deur die Uitvoerende Komitee:

9.1.1 binne 60 dae na die finansiëlejaar.

9.1.2 alle lede moet 21 dae kennis kry van so 'n vergadering.

Peet Dorfling noem dat die finansiëlejaar eindig op 31 Maart, en dat volgens die bewoording tans die Algemene Jaarvergadering 60 dae na 31 Maart moet plaasvind.

Voorgestelde wysiging : 'n Algemene Jaarvergadering moet ten minste een keer per jaar gehou word soos bepaal word deur die Uitvoerende Komitee

9.1.1 alle lede moet ten minste 14 kalender dae kennis kry van so 'n vergadering.

Peet Dorfling noem dat indien die huidige bewoording verander word die Uitvoerende Kommittee 'n geskikte datum kan kies wanneer die Vergadering kan plaasvind. Hierdie datum sal dan buite die brandseisoen val. Peet Dorfling vra vir die lede wat is hulle gevoel ten opsigte van die voorgestelde wysiging.

Johan van Aardt vra of die Uitvoerende Raad 'n aanduiding kan gee watter tyd van die jaar hulle die Vergadering wil hou, hy vra ook verder of die Vergadering altyd teen die einde van die kalenderjaar gehou gaan word. Peet Dorfling antwoord en sê dat hy voel in beginsel moet die net die besluit om die bewoording na "minste een keer per jaar gehou word soos bepaal word deur die uitvoerende komitee" eers goedkeur en daarna kan die lede praat oor wanneer 'n geskikte datum sal wees. Peet Dorfling vra of daar enige iemand is wat gekant is teen die voorgestelde wysiging. Niemand is gekant daarteen nie.

Peet Dorfling vra of enige iemand gekant is teen die tweede voorgestelde wysiging naamlik: "alle lede moet ten minste 14 kalender dae kennis kry van so 'n vergadering" hy vra leiding vanaf die lede ten opsigte van die wysiging. Hy noem dat die rede vir hierdie voorstel is dat daar mense is wat sê 21 dae kennis is 'n te lang kennisgewing en dat hulle dan vergeet van die vergadering. Die Lede teenwoordig gee toestemming dat die voorgestelde wysiging aanvaar word.

Peet Dorfling vra aan die lede of daar 'n spesifieke tyd van die jaar is wanneer hulle die vergadering wil hou. Christo Ayres stel voor dat die Algemene Jaarvergadering en die Eindjaarfunksie op dieselfde datum gehou word sodat dit almal genoeg tyd gee om alles af te handel en vir die samesein na die vergadering. Hy noem verder dat dit gewoonlik einde November begin Desember is. Hy vra wat is die ander Lede se voorstelle. Peet Dorfling meld dat dit na 'n goeie voorstel klink. Hy vra egter vir die Lede watter maand sal vir die Lede 'n goeie maand wees om die Vergadering te hou. Die meeste Lede dui aan dat die tydperk vanaf einde Oktober tot begin November 'n goeie tyd is om die Algemene Jaarvergadering te hou. Peet Dorfling meld dat die Bestuur daarvan kennis neem en dat die volgende Algemene Jaarvergadering binne daardie tydperk gehou sal word. Tarien Cooks stel voor dat die Bestuur 'n jaarprogram opstel en dat die datum vir die Algemene Jaarvergadering daarop verskyn en dat die jaarprogram aan al die Lede gestuur word. Peet Dorfling sê dat dit 'n goeie voorstel is.

9. VOORSITTERSVERSLAG

9.1 Naam van Vereniging en datum van registrasie

Peet Dorfling begin met die Voorsittersverslag deur die naam van die vereniging te bevestig as Apiesrivier Landelike Brand Bekermings Vereniging en datum registrasie as 27 Maart 2006.

9.2 Groote van gebied en Grense

Peet Dorfling meld dat die Vereniging se gebied 34 000 hektaar groot is en dat die grense soos volg is: Aan die Noordekant net duskant Hammanskraal, aan die Suidekant die Pyramid-Suid spoorlyn, aan die Oostekant die N1-snelweg en aan die Westekant die Mabopane snelweg.

9.3 Brand Beskermings Offisier

Peet Dorfling meld dat die skakel tussen die Vereniging en die Brandweer Japie Lengoabala is.

9.4 Toerusting

Peet Dorfling noem dat die Vereniging oor die volgende toerusting beskik:

- Twee vier-by-vier, Stadsraad, bakkies met elk 'n "bakkie sakkie" op. Tarien Cooks vestig net die Lede se aandag op die feit dat een van die "bakkie sakkies" die eiendom van die Stadsraad is en dat die ander een die eiendom van die Vereniging is. Peet Dorfling be-aam dit.
- Daar is drie 1000L waterkarretjies.
- Daar is vier 500L waterkarretjies.
- Daar is twee 20L (elk) brandstof jerry kanne.
- En dan is daar ook nog 'n paar los goedjies.

9.5 Veldbrande vir 2009/2010

Peet Dorfling vestig die lede se aandag op die skerm waar die veldbrandstatestiek vir die areas binne die Vereniging se gebied aangetoon word. Hy meen dat die inligting vanself spreek. Tarien Cooks gee net klarigheid dat die rooi kolomme 2007 se statestiek is, die blou kolomme 2008 en die groen kolomme 2009 se statestiek is, verwys na Aanhangsel A. Peet Dorfling sê dat wanneer mens na die inligting kyk sien mens dat daar gedurende 2007 minder brande was en gedurende 2008 meer brande. Christo Ayres meld toe dat 2008 'n goeie reënseisoen was en dit 'n rede is waarom 2009 se syfers so hoog is. Peet Dorfling be-aam dit en vra of daar 'n totale syfer is

vir elke gebied is. Tarien Cooks bevestig dit en noem aan die lede dat die gebiede soos uiteen gesit is die Vereniging se verantwoordelikhedsgebiede in die area soos byvoorbeeld Haardoornboom word by die jaar al hoe meer. Gedurende 2007 was daar ses brande en gedurende 2009 was daar 52 brande wat beteken dat dit 'n probleem area is. Bultfontein, Honingnestkrans en Onderstepoort se brande neem toe per jaar waar Waterval, Vastfontein en Lusthof se brande afneem. Sy meen afname van brande in die bo-genoemde gebiede toegeskryf kan word aan die feit dat daar redelik baie lede in die gebiede is en dat die mense meer bewus is van die brande. Peet Dorfling meld dat die betrokkenheid binne 'n gebied 'n groot verskil maak, hy verwys spesifiek na Haakdoornboom en sê dat daar bitter min lede in Haardoornboom is en dat mens dit as 'n rede kan aanvoer hoekom daar meer brande in daardie gebied is. Peet Dorfling voer verder aan dat brand bestryding ook 'n bewusmakingsveldtog is omdat mense nie altyd kyk of omgee wat om hulle aangaan nie en hulle steur hulle nie aan die bepalings van die Wet nie. Die ander ding wat die lede ook moet in gedagte hou deur te gaan kyk na die gebiede wat minder brande het, moet mens ook gaan kyk na die oppervlakte wat afgebrand het. Hy noem verder dat baie van die veldbrande strategies begin word op dae wanneer die wind baie sterk waai en dan kan daar minder brande wees maar 'n groter area wat afgebrand het. Dolf Dorfling meld ook dat die toename in brande vanaf 2007 tot 2009 ook toegeskryf kan word aan die feit dat meer mense bewus gemaak is van brande en dat daar nou meer brande aangemeld word as in die verlede. Peet Dorfling beaam dit.

9.6 Ander brande

Peet Dorfling noem dat Timothy Murry se huis op 20 Augustus 2009 afgebrand het.

Peet Dorfling noem ook dat daar op Grootvlei op 29 Julie 2009 'n werker in sy kamer doodgebrand het.

9.7 Ledetal

Peet Dorfling noem die ledetal verhoog het met 16.36% en hy voel dat dit iets is om op trots te wees.

Peet Dorfling gee die spreekbeurt oor aan Arie Beetge.

10. FINANSIES

10.1 Finansiëlejaar en Finansiëlestate

Arie Beetge noem aan die lede dat die Vereniging se finansiëlejaar strek vanaf 1 April tot 31 Maart. Hy noem ook dat die finansiëlestate vir die jaar 2008-2009 en 2009-2010 is beskikbaar vir insae. Hy meld ook dat die bedrag van R17 854.44 oorgedra is as bankbalans teen die einde van die 2009-2010 finansiëlejaar na die 2010-2011 finansiëlejaar toe.

10.2 Begroting

Arie Beetge meld dat vir die doeleindes van die begroting daar bloot 10% by die inkomstes en uitgawes gevoeg is, verwys na Aanhangsel B. Arrie Beetge vestig die lede se aandag daarop dat die blou kolom die tans 2009-2010 finansiëlejaar voorstel en dat die groen kolom die 2010-2011 finansiëlejaar voorstel.

10.3 Ledegeld en ICASA lisensiegelde

Arie Beetge meld dat daar be-oog word om die ledegeld met 10% te verhoog, tans is die ledegeld R240 per jaar na die verhoging sal die ledegeld R264 per jaar wees. Hy noem verder dat daar sekere gevalle is waar lede se lisensiegelde betaalbaar aan ICASA deur die Vereniging gedra word. Die lisensie gelde beloop tans R38 per radio en daar sal dus van die betrokke lede R38 per radio gehef word, wat dan die ledegeld in so 'n geval R302 per jaar. Arie Beetge vra of daar alreeds tot stemming oorgegaan is oor die ledegeld. Peet Dorfling sê dat daar nog nie tot stemming oorgegaan is in verband met die verhoging van ledegeld nie.

Peet Dorfling meld dat 'n verhoging in ledegeld nie noodwendig 'n voorstel van die Bestuur se kant af dat die ledgeld moet verhoog nie. Die lede moet hulle inset lewer en hulle gevoel uitspreek ten opsigte van die verhoging van ledegeld al dan nie. Hy noem die rede hoekom die saak ter sprake gekom het is omdat hy graag sover as moontlik die Vereniging uitbrei sodat die Vereniging onafhanklik kan staan, sodat dit nie nodig is om staat te maak op die Staat nie. Die Bestuur wil vir die Vereniging toerusting aankoop. Peet Dorfling sê dat ons met die realiteite sit van die destydse kommando wat ontbind is sowel as Nood-en-Rampbestuur wat ontbind is, op hierdie stadium kry die Vereniging ondersteuning vanaf die Stadsraad ten opsigte van toerusting, die Bestuur glo en hoop nie dat dit sal verander nie maar indien dit verander sal ons graag ons eie toerusting wil hê om die Vereniging mee te kan bedryf. Hy meld verder dat die Bestuur die toerusting wil uitbrei sodat die toerusting meer toeganklik is vir die lede.

Peet Dorfling vra die lede wat hulle gevoel is rondom die verhoging van ledegeld. Hy meld ook dat die verhoging nie noodwendig 10% hoef te wees nie dit kan meer of minder wees. Tarien Cooks noem dat die lede ook net moet onthou dat daar van die lede is wat nie tans die lidmaatskapfooie nie kan bekostig nie. Daar was 'n voorstel

van 'n lid om die ledegeld met 20% te verhoog. Johan van Aardt stel voor dat om die seniorburgers in die omgewing tegemoet te kom op 'n sekere ouderdom besluit en dat almal bo daardie ouderdom 'n sekere bedrag betaal en almal onder daardie ouderdom 'n ander bedrag betaal amper soos 'n pensioenarisfooi. Pieter Oosthuizen meld dat Johan van Aardt se voorstel kan werk aangesien die een groep se ledegeld dan verhoog terwyl die ander groep se ledegeld verlaag en sodoende balanseer dit mekaar uit. Tarien Cooks sê die lede moet net onthou dat die R240 per jaar fooi vir hoewes van nul tot 30 hektaar is en vir elke hektaar wat meer is as 30 hektaar is dit R20 per hektaar ekstra wat die lid betaal. Peet Dorfling vra vir die lede wat is hulle besluit rondom die voorstel om die senior burgers tegemoet te kom. Dolf Dorfling noem dat daar ook van die jonger mense is wat nie die huidige ledegeld kan bekostig nie en dat hy voel dat daar intern gereël kan word dat die met wie dit beter gaan die ander mense kan dra. Verder noem hy dat daar gepoog moet word om eerder meer lede te werf.

Marie van Dyk stel voor dat die ledegeld nie verhoog word nie maar dat die Bestuur eerder fokus om ledegeld te vorder vanaf die staat -en semi-staats instansies. Peet Dorfling stem saam met haar en sê dat hierdie instansies eintlik lankal op die rug van die Vereniging ry sonder om enige vergoeding te betaal, hy meld verder dat die lede moet othou dat dit nie atyd maklik is om geld te vorder van Staat Departemente nie. Christo Ayres be-aam die voorstel dat die ledegeld nie verhoog moet word nie en sê dat volgens hom kan die Vereniging nog 'n jaar funksioneer gegewe die huidige finansiëleposisie en die toename in ledetal. Peet Dorfling sê dat daar nou twee voorstelle is en vra of die lede tot stemming wil oorgaan. Pieter Oosthuizen stel voor dat in plaas van om die ledegeld te verhoog, word daar besluit om twee funksies te hou om dan daardie "ledegelde" op te maak soos fondsinsamelings. Tarien Cooks meld dat die Vereniging Arkbeurte hou. Willie van der Walt meld dat 'n 10% verhoging op R240 eintlik niks is nie hy sê dit is net om die Vereniging se inkomste bietjie te verhoog, hy hoor dat daar lede is wat dit nie kan bekostig nie en meld dat die bestuur sensitief genoeg is om te weet wie sulke mense is en dat sulke mense tegemoet gekom kan word. Hy voel dat mense nie moet karring oor 'n R24 per jaar verhoging in ledegeld nie. Hy sê dat dit net die Vereniging sal help om die nodige toerusting aan te koop om vinniger onafhanklik te word. Tarien Cooks meld dat die oogmerk is om stuk-stuk toerusting aantekoop. Sy noem dat die Bestuur einde Maart 2010 die "bakkie sakkie" aangekoop het en dat einde Maart 2011 daar weer toerusting aangekoop gaan word in plaas daarvan om op eenslag al die nodige toerusting aantekoop. Peet Dorfling sê dat hy nie graag wil oorgaan na 'n stemming toe nie. Willie van Der Walt en Pieter Oosthuizen sê dat hulle, hulle voorstel dan sal terugtrek. Peet Dorfling bedank hulle omdat hulle nou die besluit maklik gemaak het sodat die ledegeld nie verhoog word nie.

10.4 SAID

Arie Beetge noem aan die lede soos hy van Tarien Cooks verstaan het is die Vereniging besig om te registreer vir Inkomstebelastingkwytskelding. Sodra die Vereniging 'n "Tax Clearance" sertifikaat vanaf SAID ontvang het kan die Vereniging registreer as 'n verskaffer by die staats en semi-staatsinstansies, en is hierdie instansies dan volgens Wet verplig om ledebydraes te maak. Hy meld verder dat in hierdie geval is daar slegs een so 'n instansie wat ledegeld betaal en dit is die Laerskool Uniefees. Hy meld verder dat die volgende instansies ledegeld sal moet betaal sodra die Vereniging die "Tax Clearance" sertifikaat ontvang het: SASOL, TUT, ESKOM, Bakwena, SpoorNet/Transnet, SANRAL, SANW, Telkom, Onderstepoort ARC en Gauteng Paaie. Peet Dorfling noem aan die lede dat die bestuur reeds besig is met die proses om die Vereniging te registreer by die Suid-Afrikaanse Inkomste Diens vir inkomstebelastingkwytskelding en dat sodra die Vereniging die sertifikaat ontvang het, bogenoemde instansies genader sal word en dat die Vereniging nog ledegeld kan vorder vanaf hierdie instansies.

11. TOERUSTING

11.1 Eersteparade-inspeksievorm

Jan de Jager meld dat die Vereniging die vorige brandseisoen baie skade gely het ten opsigte van voertuie en brandkarretjies wat skade optel. Daar is toe besluit om die eersteparade-inspeksievorm inwerking te stel. Die vorm is nie ten doel om iemand wat 'n fout begaan te brand nie maar dit maak dit net makliker vir die Bestuur om dan te weet wat presies fout is met die voertuie en met elke waterkarretjie. Die persone wat die toerusting gebruik moet elke keer voor 'n brand om die voertuig of waterkarretjie stap en opmerkings skryf ten opsigte van die betrokke toerusting. Indien daar gebreke is moet dit direk deurgegee word aan die Bestuur sodat reëlings getref kan word om die beskadigde toerusting te herstel. Dit maak dit net soveel makliker sodat die Vereniging se toerusting op 'n 100% diensbaarheid sal wees, verwoys na Aanhangel C.

11.2 Kinders op toerusting

Jan de Jager vestig die lede se aandag daarop dat geen kinders onder die ouderdom van 16 jaar op die waterkarretjies of voertuie van die Vereniging wees nie. Die bestuur is dankbaar vir almal wat hulp aanbied veral jong kinders maar dit is onnodig en tragies wanneer 'n kind tydens 'n brand seerkry. Hy vra die lede om asseblief

ag te gee op hierdie reël kinders onder 16jaar eerder by die huis te los. Hy meld verder dat kinders stelselmatig ingetrek kan word namate hulle ouer word. Die toelaatbare ouderdom vir reserviste is ook 16 jaar en kinders van 16 jaar en ouer kan dan die nodige brandbestrydigopleiding ontvang.

11.3 Rapportering van gebreke

Jan de Jager meld dat met die instelling van die eersteparade-inspeksievorm moet die geringste ding wat breek by hom aangemeld word. Soos byvoorbeeld, 'n pap wiel, 'n gebreekte liggie of 'n brandkarretjie se kabel wat breek.

11.4 Logistiek

Jan de Jager vra dat lede wat die Vereniging se toerusting gebruik hom sal laat weet waar die toerusting is sodat hy kan boekhou daarvan en sodat hy weet waar die toerusting is indien hy iets moet herstel hy sê hy sal persoonlik na die mense toe ry om herstelwerk te doen.

12. KOMMUNIKASIE

12.1 ICASA

Theunie Du Buisson stel die lede inkennis dat die Vereniging se lisensie by ICASA goedgekeur is, hy noem dat ons dus 'n geldige lisensie vir die burgerlikebeskermingsnetwerk het. Die lisensie wat toegestaan is, is vir kanaal twee tot kanaal agt en dan is daar ook 'n privaat frekwensie.

12.2 Roepseine

Theunie Du Buisson noem dat daar tans 94 stasies is op die netwerk en dat daar steeds stasies bykom. Hy meen dat dit 'n goeie punt is vir die Vereniging dat die aantal stasies steeds groei.

12.3 Lisensiegelde

Theunie Du Buisson noem dat volgens Wet is elke lid wat inbesit is van 'n radio-toestel verantwoordelik om lisensiegeld vir elke radio in jou besit te betaal. Tans is dit R38 per jaar per radio. Hy meld dat hy dink dit makliker sal wees vir die lede wat nie reeds by ICASA aansoek gedoen het vir 'n lisensie nie om dan eerder hulle lisensiegeld saam met hulle ledegeld aan die Vereniging oortebetaal en dan kan die Vereniging net weer die lisensiegeld aan ICASA oorbetaal. Willie van der Walt vra vir Theuns Du Buisson of die lisensiegelde dieselfde is vir 'n basisradio, draagbaar en mobiele-radio. Theuns Du Buisson bevestig dat die lisensiegelde dieselfde is vir elke radio ongeag of die 'n basisradio, draagbaar of mobiele-radio is.

12.4 Radio gebruik

Theunie Du Buisson noem dat die radionetwerk streng volgens radio prosedures gebruik word. Hy noem verder dat lede moet seker maak dat hulle vertrouwd is met die korrekte spraakprosedures. Lede moet verder kennis neem dat die netwerk slegs gebruik moet word vir noodsituasies en wanneer belangrike inligting deurgegee word. Hy noem dat daar vroeër in die jaar radioprocedure opleiding was en dat hy glo dat daar in die nuwe jaar weer opleiding sal plaasvind. Theunie Du Buisson moedig ook die lede aan om tydens radiotoetse in te roep wanneer jou roepsein geroep word. Verder versoek hy lede om nie hulle radio's afteskakel nie sodat almal dadelik kan hoor indien daar iets gebeur.

Theunie vra dat indien lede met verlof gaan of indien hulle nie by die huis gaan wees om die radio te antwoord nie, hulle vir hom of vir Tarien Cooks sal laat weet per sms of telefonies sodat hulle die mense wat die radio-toets op daardie tydstip waarneem kan laat weet dat jy nie beskikbaar gaan wees nie. Hy versoek mense om nie oor die lug 'n kode-R aan te meld nie want dit is in 'n mate sekerheidsbreuk.

Theunie Du Buisson meld dat hy tans besig is met 'n dokument oor hoe radio-toetse fisies werk wat hy vroeg volgende jaar vir die lede sal uitgee. Dit is maar net oor die reëls en regulasies rondom radio-toetse. Peet Dorfling noem aan die lede dat 'n persoon radio-prosedure boekies geborg het die die radio-opleiding wat vroeër die jaar plaasgevind het en dat Jenny Koops tydens hierdie geleentheid met die voorstel gekom het dat die mense onderling met mekaar klein groepies vorm om mekaar te monitor, sodat sou een persoon in die groep nie die radio-roep antwoord nie iemand in daardie groep daardie persoon telefonies kontak om te hoor of alles nog wel is. Hy meld dat dit 'n te moeilike funksie is vir die bestuur van die Vereniging om uit te oefen. Hy moedig die lede aan om sulke onderlinge klein groepies te stig en om na mekaar te kyk.

Theuns Du Buisson noem dat daar basisantennas grastis beskikbaar is vir lede wat radio's aankoop, die lid moet self 'n mas en kabel aankoop maar die lid bespaar gemiddeld R1500.

12.5 SMS-stelsel

Theunie Du Buisson wil weet of die lede gelukkig is met die sms'e wat aan lede gestuur word. Hy vra of daar enige probleme met dit is en noem dat dit maar net gebruik word om die mense in kennis te stel van dinge en gebeure. Almal is gelukkig met die sms'e.

13. STRUKTUUR

13.1 Operasioneleplan

Peet Dorfling noem dat hierdie punt nog dieselfde lees as by die vorige vergadering. Hy sê dat 'n operasionele plan ontvang is en dat die Bestuur nog besig is om aan hom te werk en hom aan te pas. Hy noem dat daar begrip is vir situasies wat uniek is maar daar is goed elke keer dieselfde is.

13.2 Koördinering van Brande

Peet Dorfling verwys na 'n vloei-diagram op die skerm om die om die koördinering van brande vir die lede uiteen te sit. Koördinering vind soos volg plaas:

Die brand ontstaan en die eerste ding is om die brand te rapporteer. Die brand kan aan Tarien Cooks gerapporteer word telefonies of per radio. Daarna word die Brandweer in kennis gestel. Peet Dorfling noem dat sodra die Vereniging se Lede uitbeweeg na 'n brand toe moet die brandweer kennisdra daarvan. Hy noem verder dat die Vereniging se Lede uitbeweeg na die brand met die toerusting wat ons het en dat die Lede dan begin om die brand te blus. Wanneer die brandweer opdaag is hulle in beheer, hulle neem dus die situasie oor. Wanneer die brand geblus is moet daar seker gemaak word dat die brandlyn dood is. Peet Dorfling noem verder dat Lede veral seker moet maak waar daar bees of perdemis is dat dit inderdaad dood is aangesien die mis weer baie maklik kan opvlam. Tarien Cooks noem dat die Vereniging probeer help om brande te blus sover as wat ons kan maar dat dit partykeer nie regtig moontlik is nie weens lede wat nie beskikbaar is om te help nie maar sê sy kan 'n lid dan 'n karretjie gaan haal. Sy noem dat die Vereniging nie moet help nie maar dat hulp wel verleen word indien lede beskikbaar is om te help. Peet Dorfling beaam dit en sê dat dit belangrik is dat Lede weet waarvoor hulle betaal. Hy meld dat Lede betaal vir toegang tot die toerusting van die Vereniging en ook dat die Brandweer nie vir die lid 'n rekening sal gee wanneer hulle uitkom na 'n brand toe nie die nie-amptelike voordeel wat 'n Lid kry is dat indien daar lede beskikbaar is sal hulle kom help.

14. LIDMAATSKAP

14.1 Opleiding

Peet Dorfling noem dat daar opleiding was gedurende 2009 en dat daar gepoog word om weer gedurende 2011 opleiding te gee aan lede.

14.2 Reserviste

Peet Dorfling noem dat daar 21 lede gegaan het vir mediese ondersoek; hy noem ook dat die Vereniging nog sit met die administratiewe rompslomp van die Stadsraad en van die brandweer af. Hy sê dat hulle gehoop het dat hulle teen hierdie tyd met 'n hele klomp reserviste sit.

14.3 Lidmaatskapkaartjies

Peet Dorfling noem dat lede wie se ledegeld opbetaal is 'n kaartjie ontvang as bewys dat jy 'n lid van die Vereniging is, die lid se besonderhede kom op die kaartjie en die kaartjie is geldig vir een jaar.

15. BRANDE

15.1 Brandpermit

Christo Ayres begin deur vir almal teenwoordig te bedank vir almal se hulp gedurende die jaar om brande te blus. Hy noem dat hulle vir jare 'n handjievul mense was wat brande bestry het en dat hy ewiglik dankbaar is vir almal wat help en vir almal wat aansluit by die Vereniging. Hy noem verder dat hy brandbestryingsklere in die hande gekry het en dat dit sal help om brande beter te bestry.

Christo Ayres noem dat die brandpermit reeds die vorige jaar al geïmplementeer was maar dat hy die Lede wil inlig oor die brandpermit. Wanneer 'n Lid 'n stuk veld of 'n voorbrand wil brand of 'n stuk weiding wil brand moet Tarien Cooks gekontak word en 'n brandpermitaansoek moet ingevul word. Daar word na 'n paar dinge gekyk soos byvoorbeeld die brandgevaarindeks en die wind en wanneer die lid wil brand sal Tarien Cooks na die brandgevaarindeks kyk en indien die toestande gunstig is sal die lid toestemming kry om te kan brand. Die doel van 'n brandpermit is om te verseker dat 'n voorbrand nie ontaard in 'n veldbrand nie. Verder moet 'n persoon

ook sy bure inkennis stel van sy/haar voorneme om te brand en hulle moet op die brandpermit teken dat hulle wel inkennis gestel is. Christo Ayres noem verder dat die brandpermit help sodat die Vereniging bewus is van beplande, beheerde brande sodat indien Tarien Cooks 'n oproep ontvang van 'n brand op byvoorbeeld Kromdraai, daar nie onnodig hulpmiddele gebruik word om te reageer nie want sy sal weet dat die brand beheer word en dat dit nie 'n onbeheerde veldbrand is nie.

15.2 Voorbrande

Christo Ayres noem dat daar sekere dinge is waaraan 'n voorbrand/brandbaan moet voldoen.

Die strook moet 2,5 meter wyd wees; jy hoef nie die strook te brand nie jy kan hom ook skraap. Christo Ayres noem verder dat 'n brandstrook ook help tydens brandbestreiding nie net om die vuur se verspreiding te beheer nie maar ook om die bestuur van die voertuig in die veld te vergemaklik aangesien mens nie altyd kan sien hoe die terrein lyk waaroor jy ry in langgras nie.

Christo Ayres be-aam dat elke lid toegang het tot die gebruik van brandkarretjies, hy noem dat indien 'n lid nie weet hoe om 'n brandkarretjie te gebruik nie sal die nodige opleiding aan die lid voorsien word voordat die lid die karretjie in ontvangs neem. Hy wil net weereens almal bedank vir hulle hulp en noem dat vandat daar meer mense is wat help tydens die bestryding van brande die brande nie meer so erg in intensiteit is nie.

16. ADMINISTRASIE

16.1 Korrespondensie

Tarien Cooks noem dat daar die volgende skrywes gerig was gedurende die 2009-2010 jaar:

- Gedurende Augustus 2009 is 'n skrywe is aan ABSA gerig om die handtekening te verander.
- Op 15 Maart 2010 was daar 'n vergadering by Rooiwal Rioolwerke in verband met die slik wat aan die brand raak en dan vir lang tye brand. Die mense inbeheer daar het belowe dat hulle besig is om die slik weg te ry. Sal weer opvolg daarop.
- Daar is 'n Kontant By Aflewering rekening oopgemaak by Transfarm vir noodhulptoerusting.
- Die Vereniging het ook geregistreer as I &AP (Interested and affected party) vir 'n voorgestelde ontwikkeling by Onderstepoort.
- Die Vereniging het ook geregistreer as I &AP (Interested and affected party) vir 'n voorgestelde "truck stop" op die Murrayhillpad.
- Gedurende Mei 2009 het die Vereniging 'n brief aan Tshwane Stadsraad gestuur in verband met die 'padskouer' se gras wat die stadsraad nie sny nie, en dit veroorsaak vir ons 'n probleem tydens veldbrande. Beeld het ook daarvoor berig omdat Tshwane die nasionale Wet oortree.

17. NUWE SAKE

17.1 Regs en Mediese bystand aan lede

Pieter Oosthuizen vra namens Jaco de Klerk dat indien hy as lid by 'n brand in 'n situasie betrokke raak byvoorbeeld dat hy aangeval word, en hy verwys na 'n insident waar hy en Peet Dorfling betrokke was, waar hy homself moet verdedig en daar word 'n saak teen hom gemaak wase bystand gaan die Vereniging vir hom verleen of sal hy op sy eie wees. Peet Dorfling sê dat hy sal probeer om die vraag te beantwoord. Hy noem dat die Vereniging nie regtig ondersteuning het nie. Hy noem dat die Vereniging resorteer onder die Brandweer en dat die bestuur alreeds dringende vergaderings met hulle belê het ten opsigte van besering aan diens, byvoorbeeld. Peet Dorfling verwys terug na die stappe van brand koördinering, dat die Brandweer inkennis gestel word van wie uitbeweeg na 'n brand toe, hy noem dat dit gedoen word ten doel dat die Vereniging se Lede dekking vanaf hulle kan geniet. Hy noem dat daar selfs van die Brandweerdele is wat nie behoorlike dekking geniet nie. Hy meld dat dit 'n teerpunt is dat vrywilligers optree maar eintlik nie dekking het ten opsigte van medies of regs-aspekte nie. Christo Ayres voeg by dat Tarien Cooks besig is om te kyk na 'n polis wat die Vereniging kan uitneem om die lede in sulke situasies te kan bystaan. Peet Dorfling meld dat die Bestuur van die Vereniging baie bekommerd is oor die situasie aangesien mense kan sterf. Tarien Cooks noem dat sy reeds begin navraag doen het en sy meld dat dat 'n regsdekking is wat die Vereniging kan uitneem en dan kyk sy ook na 'n persoonlike ongevalle versekering waar 'n persoon dan 'n bedrag per jaar betaal en dan gedek is tot 'n sekere bedrag.

17.2 Webwerf - www.arlg.co.za

Tarien Cooks noem dat Pieter de Beer die inisiatief geneem het om 'n webwerf saamtestel nie net vir die Vereniging nie maar vir die hele omgewing. Die webwerf is baie oulik. Sy vra dat indien iemand nuus het om dit vir Pieter de Beer te stuur, verder moedig sy die lede aan om na die webwerf te gaan kyk en dat daar elke dag iets nuuts op die webwerf is. Verder noem sy dat die Lede kan registreer op die webwerf en sodoende kommentaar kan lewer. Tarien Cooks noem ook dat al die dokumentasie van die Vereniging soos die aansoekvorm, brandpermit en reëls en regulaies ook op die webwerf verskyn, dit vergemaklik sodoende die toeganklikheid van voornemende lede tot die inligting en dokumente van die Vereniging. Sy bedank weereens vir Pieter de Beer vir die webwerf en sy moeite. Peet Dorfling noem dat Pieter de Beer vir lank in die buiteland was en bedank hom vir sy inisiatief en moedig die lede aan om van die webwerf gebruik te maak.

17.3 Verkiesing van Ondervoorsitter

Peet Dorfling noem dat die amp van ondervoorsitter vakant is en dat iemand verkies moet word wat die amp kan volstaan. Hy sê dat die lede maar voorstelle kan gee. Jan de Jager nomineer vir Pieter Oosthuizen. Peet Dorfling vra vir Pieter Oosthuizen of hy beskikbaar is en hy antwoord dat hy dit eers met sy familie wil bespreek. Peet Dorfling vra dat indien Pieter Oosthuizen beskikbaar is of daar enige iemand is wat hom sekondeer, daar is baie. Willie van der Walt noem dat die vergadering moet solank kyk of daar iemand anders is wat die pos kan vul indien Pieter Oosthuizen nie dit sal kan doen nie, hy voer verder aan dat mens maklik by die punt van oorlading van 'n persoon kom. Hy noem dat Pieter Oosthuizen alreeds baie tyd aan die gemeenskap spandeer en hy dink nie Pieter Oosthuizen sal kwaad wees indien hy vra dat daar liewers iemand anders gekies word nie. Peet Dorfling stem saam en be-aam dat Pieter Oosthuizen reeds baie vir die gemeenskap doen, hy vra vir die lede of hulle nog iemand wil voorstel vir Ondervoorsitter.

Tarien Cooks stel vir Pieter de Beer voor, Theunie Du Buisson sekondeer die voorstel. Ansia van Dyk vra of Pieter de Beer beskikbaar is vir die pos. Pieter de Beer dui aan dat hy beskikbaar is vir die pos. Pieter Oosthuizen dui aan dat hy die voorstel as Ondervoorsitter van die hand wys. Peet Dorfling heet Pieter de Beer welkom as die nuwe Ondervoorsitter van die Vereniging.


18. AFSLUITING

Peet Dorfling vra of daar nog enige vra is, en sê dat terwyl die mense nog daarvoor dink hy net wil noem dat die Vereniging se eertse prioriteit die koördinerende van brande is maar daar word gepoog om so ver as moontlik as spreekbuis in die gemeenskap te dien en ook om ondersteuning te gee daar waar dit nodig is ten opsigte van ander goed wat gebeur binne-in die gemeenskap en ons gebied wat ons na aan die hart lê. Hy bedank almal vir die ondersteuning wat hulle gee ten opsigte van die Vereniging en vra dat die Lede ook hulle ondersteuning sal gee ten opsigte van die ander aspekte. Ans Dorfling bedank vir Tarien Cooks en Ansia van Dyk vir hulle moeite met die aanbieding. Peet Dorfling bedank ook die Bestuur van Die Windpomp Restaurant wat hulle fasiliteite gratis beskikbaar gestel het aan die Vereniging..

18.1 Jeug


Pieter Oosthuizen meld dat die ADK (Andries de Klerk) Jeug van Waterval 'n uitstappie na Gold Rief City beplan vir 15 Desember 2010. Alle jeug van die hele gebied is welkom om saam te gaan. Die kostes beloop R220 per persoon.

Peet Dorfling sluit die vergadering af. Die volgende Algemene Jaarvergadering sal tydens 2011 plaasvind.



VELDBRANDE

■ 2007 ■ 2008 ■ 2009



Aanhangsel B

INKOMSTES	2007	2008	2009	2010	2011
<u>Ledegeld</u>					
Absa	-	-	51,640.00	51,640.00	56,804.00
Eskom	-	-	-	-	-
Bakwena	-	-	-	-	-
Gauteng Roads	-	-	-	-	-
Laerskool	-	-	-	-	-
Haakdoornboom	-	-	-	240.00	264.00
Laerskool Uniefees	-	240.00	240.00	240.00	264.00
SANW	-	-	-	5,960.00	6,556.00
SASOL	-	-	-	240.00	264.00
Spoornet	-	-	-	-	-
Telkom	-	-	-	-	-
Transnet	-	-	-	-	-
TUT	-	-	-	1,780.00	1,958.00
	-	240.00	51,880.00	60,100.00	66,110.00
Hoewe eienaars	14,769.00	19,990.00	14,290.00	25,200.00	27,720.00
<u>Ander Inkomste</u>					
Donasies	-	2,803.10	-	-	-
Arkbeurte	-	-	-	14000	15,400.00
Rente	50.00	-	-	-	-
Fondsinsamelings	-	-	165.00	-	-
R	14,819.00	R 23,033.10	R 66,335.00	R 99,300.00	R 109,230.00

Bank Saldo oorgedra	6,650.89	5,948.58	31,533.52
----------------------------	-----------------	-----------------	------------------

Aanhangsel B *(vervolg)*

UITGAWES	2007	2008	2009	2010	2011
<u>Voertuie & Karretjies</u>					
	39.00	1,731.18	5,166.77	5,950.27	6,545.29
<u>Kommunikasie</u>					-
	9,803.00	25,701.99	19,055.83	21,374.62	23,512.09
<u>Funksies</u>					-
	1,500.00	2,003.97	6,615.84	17,145.92	18,860.51
<u>Lief en leed</u>					-
	-	-	600.00	500.00	550.00
<u>Administratief</u>					-
	4,637.00	7,313.19	2,293.11	5,529.69	6,082.66
<u>Ander Uitgawes</u>					-
	822.00	558.45	1,683.20	5,700.00	6,270.00
<u>Aankoop van Bates</u>					-
					-
	16,801.00	37,308.78	35,414.75	73,700.50	81,070.55



Weeklikse inspeksie op alle brandwaentjies en voertuie

Vloot no: _____

Voertuig reg no:		Datum	Datum	Datum	Datum	Datum
Ligte	Hazards					
	Hoof / Parkeerligte					
	Flikkerligte					
	Weerkaatsers					
	Nommerplaat lig					
Buite Voertuig	Spieëls					
	Ruitveërs					
	Bande en wielmoere					
	Nommerplate					
	Uitlaatpyp					
Binne Voertuig	Toeter					
	Tru-spieël					
	Briek pedaal					
	Koppelaar pedaal					
	Deur handvastels					
	Veiligheidsgordels					
	Olie en temp meters					
	Brandstof stand					
Voertuig enjin	Verkoeler stand					
	V- belde					
	Olie stand					
	Remvloeistof stand					
	Algemene toestand					
	Lugfilter					

Nov-10



Weeklikse inspeksie op alle brandwaentjies en voertuie

Vloot no: _____

Brand bestrydingstoerusting

		Datum	Datum	Datum	Datum	Datum
Enjin	Brandstof stand					
	Olie stand					
	V-belde					
	Lugfilter					
	"Starting rope"					
	Algemene toestand					
Pomp	Olie stand					
	Algemene toestand					
Pype	Gebreke (snye, brand ens.)					
	Sproeikop					
	Algemene toestand					
Rol	Gebreke					
	Algemene toestand					
Tenk	Gebreke (lekke)					
	Algemene toestand					
Reserwe	Brandstof stand					
	Skuim					

Nov-10

OPMERKING
